**WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO**
**Reeks H: Intreerede nr. 120**

# DIE ETIEK VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE:

# 'N APOLOGETIESE BEOORDELING

**P.J. de Bruyn**

**Intreerede as professor in Etiek en Apologetiek in die Fakulteit Teologie van die PU vir CHO en aan die Teologiese Skool Potchefstroom gelewer op 14 September 1990**

**Departement Sentrale Publikasies**
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
1990

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

**Die Direkteur**
**Departement Sentrale Publikasies**
**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**
**2520 POTCHEFSTROOM Suid-Afrika**

**© 1990**

**ISBN 1 86822 067 2**

# INHOUDSOPGAWE


1. INLEIDING ........ 1

1.1 ONDERWERP EN DOEL ........ 1

1.2 AKTUALITEIT EN NOODSAAKLIKHEID ........ 2

1.3 WERKPLAN ........ 2

2. DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE ........ 2

2.1 DIE VROU IN DIE LOOP VAN DIE GESKIEDENIS ........ 2

2.2 HERKOMS VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE ........ 4

2.3 TEOLOGIE VAN FEMINISTE ........ 5

2.4 NUANSEVERKILLE TUSSEN FEMINISTIESE TEOLOë ........ 6

3. VERNAAMSTE DOGMATIESE BESKOUINGS ........ 7

3.1 BESKOUINGS OOR GOD ........ 7

3.1.1 Die beskouings as sodanig ........ 7
3.1.1.1 God die Vader ........ 7
3.1.1.2 God die Seun ........ 9
3.1.1.3 God die Heilige Gees ........ 9
3.1.1.4 Die Drie-eenheid ........ 10
3.1.2 Die oplossings van die Feministiese Teologie ........ 11
3.1.2.1 Herinterpretasie van die manlike Godsbeeld ........ 11
3.1.2.2 Neutrale verwysings na God ........ 11
3.1.2.3 Manlike èn vroulike beeldspraak oor God ........ 11
3.1.2.4 Die aanduiding van God as vroulik ........ 12
3.2 Skrifbeskouing en Skrifverklaring ........ 13
3.2.1 Skrifbeskouing ........ 13
3.2.2 Skrifverklaring ........ 14
3.2.2.1 Inleiding ........ 14
3.2.2.2 Fiorenza ........ 14
3.2.2.3 Ruether ........ 16

4. DIE ETIEK VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE ....... 16

4.1 INLEIDING ........................................ 16

4.2 GODSBESKOUING EN ETIEK ..................... 16

4.3 DIE OORSPRONG VAN DIE ETIES-KWADE .......... 17

4.4 DIE ETIESE ONDERSKEID GOED-KWAAD ........... 18

4.5 DIE ETIESE OPLOSSING: DIE ANDROGIENE MENS ... 18

5. BEOORDELING ................................. 20

5.1 DIE VERHOUDING TUSSEN ETIEK EN APOLOGETIEK . 20

5.1.1 Inleiding ......................................... 20

5.1.2 Die taak van die Etiek ten opsigte van die Apologetiek .. 21

5.1.3 Die taak van die Apologetiek ten opsigte van die Etiek .. 22

5.2 DIE SITUASIE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT DIE ONTSTAAN VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE ... 22

5.3 DIE DOGMATIESE ONDERBOU VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE ............................. 25

5.3.1 Die Godsbeskouing in die besonder die siening van God die Vader ..................................... 25

5.3.2 Die Skrifbeskouing ............................. 27

5.3.2.1 Die Bybel as die Woord van God .................. 27

5.3.2.2 Skrifverklaring ................................. 27

5.3.2.2.1 Dit misken die reël dat die Skrif homself verklaar ...... 28

5.3.2.2.2 Dit is oordrewe emosioneel ......................... 28

5.3.2.2.3 Dit is subjektief ...................................... 28

5.3.2.2.4 Dit is onwetenskaplik . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 28

5.3.2.2.5 Dit is verwaand . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 28

5.4 Die Etiek van die Feministiese Teologie . . . . . . . . . . . . . . 29

5.5 Die roeping van die teologiese Etiek en die Apologetiek 30

5.5.1 Die Teologiese Etiek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 30

5.5.2 Die Apologetiek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 30

VOETNOTAS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 31

GERAADPLEEGDE WERKE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 32

# DIE ETIEK VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE:

# 'N APOLOGETIESE BEOORDELING

**PROF. P.J. DE BRUYN**

## 1. INLEIDING

### 1.1 ONDERWERP EN DOEL

Telkens as daar 'n nuwe kerklike of teologiese stroming op die horison verskyn, word dit gewoonlik betreklik gou duidelik dat dit 'n onmiskenbare effek op die aanhangers daarvan se lewenswyse het. Dit kan ook moeilik anders wees omdat daar tussen dogmatiek en etiek, tussen leer en lewe, 'n baie nou verband is.

Dit is ook die geval met die Feministiese Teologie.

My voordrag oor:

*DIE ETIEK VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE: 'N APOLOGETIESE BEOORDELING*

moet ook in hierdie lig gesien word.

Dit is ook my doel om aan te toon hoe die etiek van die Feministiese Teologie groei uit sy paradigma dat enige vorm van oorheering van die vrou deur die man en diskriminasie teen die vrou bloot omdat sy 'n vrou is, onaanvaarbaar is en dat dit die vrou se plig is om haar met alle mag daarteen te verset. In aansluiting daarby wil ek in die apologetiese beoordeling toon dat daar slegs effektiewe kritiek oor hierdie etiek uitgespreek kan word as dit beskou en beoordeel word in die lig van die dogmatiese onderbou waaruit dit gegroei het. Daaruit behoort dit duidelik te wees dat die Gereformeerde Apologetiek nie slegs 'n taak ten opsigte van die Dogmatiek het nie maar ook ten opsigte van die Etiek.

### 1.2 AKTUALITEIT EN NOODSAAKLIKHEID

Die feminisme en die Feministiese Teologie is tans besig om wêreldwyd al hoe meer aanhangers te verkry. Die aktualiteit van die Feministiese Teologie blyk verder daaruit dat 'n stroom van literatuur wat verskillende aspekte daarvan uiteensit, die laaste aantal jare verskyn het. Van hierdie skrywers (meesal skryfsters) se boeke is in verskillende tale vertaal.

Ervaring het geleer dat 'n aantal jare nadat dergelike stromings oorsee gewildheid verkry het, dit ook na Suid-Afrika oorwaai. Dit is wat tans met die Feministiese Teologie die geval is. Dit het reeds aanhangers onder vooraanstaande persone in Suid-Afrika (Edwards, 1984:37).

Verder is dit noodsaaklik om juis ten opsigte van die etiek van die Feministiese Teologie aan te toon wat die regte wyse van apologetiese beoordeling daarvan is.

### 1.3 WERKPLAN

By die verdere uiteensetting sal aan die volgende sake ten opsigte van die Feministiese Teologie aandag gegee word:

*1.3.1 die historiese agtergrond;*

*1.3.2 enkele belangrike dogmatiese beskouings;*

*1.3.3 die etiek;*

*1.3.4 'n beoordeling van die etiek.*

## 2. DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE

### 2.1 DIE VROU IN DIE LOOP VAN DIE GESKIEDENIS

**(Vgl. Jelsma: 1981.)**

Feitlik dwarsdeur die geskiedenis het die vrou 'n minderwaardige posisie beklee. Dit is 'n onweerlegbare feit dat daar vroeër soms op 'n verskriklike wyse teen die vrou gediskrimineer is. "Rabbi Jehuda (150 nC) het geleer dat

elke Joodse man God daagliks moet prys en sê: Geprese is U dat U my nie as 'n heiden geskape het nie, en nie as 'n vrou nie, en nie as 'n slaaf nie! Die filosoof Nietzsche het gesê die vrou is die tweede misgreep van God" (Van Wyk, 1985:38; vgl. Floor, s.a.:13). Hier en daar was daar wel uitsonderings, maar die reël was dat die vrou alleen van belang was vir die handewerk wat sy kon verrig en om kinders in die wêreld te bring en op te voed (Van der Walt, 1982:117; Dowell & Hurcombe, 1987:99). Die vrou was in werklikheid niks anders nie as bloot deel van die besittings van die man (Edwards, 1984:43).

Luther (1962:46) het gesê dat as vrouens hulle deur swangerskappe moet dood dra, dan moet hulle hulle maar dood dra: daarvoor bestaan hulle.

In byna al die Westerse lande is daar eers aan die einde van die negentiende eeu en veral aan die begin van die twintigste eeu stemreg aan vrouens gegee (Van der Walt, 1987:15; Packard, 1965:20; Valenkamp, 1983:2; Diepenhorst, 1965?:89,90). In Suid-Afrika het dit in 1930 gebeur (Sinclair, 1975:483).

Dit was eers in die eerste helfte van die twintigste eeu dat die posisie van die vrou in die meeste Westerse lande begin verander het en daar aan haar regte en voorregte toegeken is wat sy voorheen nie gehad het nie. Tog het die diskriminasie nog tot heel onlangs voortgeduur en in baie gevalle word dit selfs vandag nog aangetref – diskriminasie wat veral daarin tot openbaring kom dat sy minder as die man betaal word al doen hulle presies dieselfde werk met dieselfde verantwoordelikheid; ook daarin dat by aanstellings in die reël voorrang aan mans verleen word, vermoedelik uit vrees dat swangerskap en geboorte die diens van die vrou kan onderbreek.

Van die vrouens wat seker die ergste gely het as gevolg van die diskriminasie deur mans, is die vrouens in veral Midde-Afrika en die Midde-Ooste. As dogtertjies word hulle sogenaamd besny om te voorkom dat hulle later enige seksuele behoefte sal hê of enige seksuele genot sal ervaar (Thiam, 1986:57-58; vgl. Borneman, 1970a:147-148, 334-335). Swart feministe het in die jongste tyd ernstig in verset gekom teen hierdie vorms van diskriminasie – en mishandeling!

Die huidige feministiese beweging het in die sestigerjare in die VSA ontstaan en veral bekendheid vekry deur die *Women's Liberation Movement*. Van Amerika het dit na verskillende lande in Europa versprei en vandaar na nog ander lande (Ambassador College, 1970:9-13).

In Nederland het die feministiese beweging of, soos dit ook aangedui word, die tweede vrouebeweging, ongeveer in 1968 begin en dit duur tans nog voort. Dit het begin met die stryd om emansipasie van die vrou, maar het sterker geword wat getalle en erns betref en op die huidige feministiese aksies uitgeloop (Halkes, 1978:7). In hierdie tyd is die boek van Simone de Beauvoir wat reeds in 1949 in Frans geskryf is en in Nederlands bekend is as *De tweede sekse* (1972) — in Engels: *The second sex* — in 'n sekere sin "herontdek" en dit het as 'n groot impuls gedien in die feministiese strewe (Valenkamp, 1983:4-5; Dowell & Hurcombe, 1987:15).

Die feministiese beweging het in Nederland 'n hoogtepunt bereik in 1971-75 met die agitasie ten gunste van aborsie op aanvraag ("baas in eigen buik") (Van Wyk, 1987:70; vgl. Lindhout, 1987:241-244).

Tans ontvang die feminisme besondere steun van die kant van die New Age-beweging (Ouweneel, 1988:395,400-401; Chandler, 1990:120-124) en van die kant van die Bevrydingsteologie soos onder andere blyk uit "The road to Damascus" (Institute of Contextual Theology, 1989:3).

Dit wil voorkom of die feministiese strewe in die jare sestig en sewentig nie veel aandag in Suid-Afrika gekry het nie, maar die Suid-Afrikaanse vroue "is beslis deel van die besinnende feminisme van die jare tagtig" (Van Niekerk, 1989:8).

## 2.2 HERKOMS VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE

Die Feministiese Teologie is gebore uit 'n gevoel by verskeie vrouens in verskillende lande dat hulle 'n minderwaardige posisie beklee in 'n maatskappy wat deur mans oorheers word. Hoe ver 'n mens ook al in die geskiedenis teruggaan — die vrou was altyd aan die man onderworpe (De Beauvoir, 1972a:14). Trouens, in die geskiedskrywing word die rol van die vrou grotendeels verswyg. "History" is in werklikheid niks anders as "his-story" nie (Van Niekerk, 1989:8). "Her-story" word nie vertel nie.

Die vrouens wat simpatie met die feminisme het, maak verder die verwyt dat hulle, as gevolg van die dominante posisie van die man, nooit toegelaat is om tot selfverwesenliking te kom, om werklik vrou te wees en hulle vrou-wees voluit te belewe nie. — ook nie in die Christelike godsdiens nie (Dieperink, 1987:20). Delhaas (1986:14) beweer dat die vrouens aan hulle eie lyf ondervind het dat die boodskap van Jesus, wat onder andere gelykwaardigheid van man en vrou inhou, ondergeskik gemaak is aan die

manlike uitleg daarvan. Deur hierdie uitleg het die vrou in die godsdiens, teen die boodskap van die evangelie in, die mindere van die man gebly. Sy is gedwing om haar lewe in te rig soos die man bepaal het.

Mary Daly, wat volgens Dieperink (1987:20) die inisieerder van die Feministiese Teologie was, is baie uitgesproke hieroor. Sy kla dat vrouens altyd buitestaanders in die maatskappy gewees het. Die simbole en begrippe wat tans in 'n seksistiese wêreld gevind word, is manlike konstruksies. Dit gee nie die ervaring van vrouens weer nie, maar dien eerder om vrouens se selfbeeld en ervarings te vervals. Met leedwese moes die vrouens die werklikheid van hulle eie seksuele onderdrukking aanskou, terwyl hulle in 'n wêreld lewe waarin voledige mens-wees net aan die man gegun is. Teen hierdie stand van sake behoort die vrou haar met alle mag te verset sodat sy self kan bepaal wie sy is en wil wees (Daly, 1983:17-19).

Teen hierdie agtergrond moet die uitspraak van Halkes (1978:9) gesien word as sy sê dat die feministiese teoloë hulle teen die eensydige manlike en patriargale beelde van God verset omdat dit hoofsaaklik projeksies van die man is.

Volgens Halkes (1978:8) het die Feministiese Teologie twee voedingsbodems:

* Die *eerste* is die behoefte van vrouens om vanuit hulle eie geloofservaring te besin oor die verhouding van die mens tot God en in die besonder oor die verhouding van die vrou tot God.

* Die *tweede* is die behoefte om vanuit genoemde nadenke en besinning die teologie, die woorde wat die geloof vertolk asook die strukture van die kerk minder eensydig-manlik en meer persoonlik-menslik te maak.

## 2.3 TEOLOGIE VAN FEMINISTE

Die Feministiese Teologie moet gesien word as 'n onderdeel van wat tans algemeen bekend is as *bevrydingsteologie* en *kontekstuele teologie*. Vanselfsprekend gaan dit hier oor die bevryding van die vrou wat die oudste verdrukte wese op aarde genoem word (Van Wyk, 1985:33).

Op die vraag wat Feministiese Teologie is, antwoord Halkes (1986:28), een van die grootste beoefenaars daarvan, soos volg: Feministiese Teologie is 'n voorbeeld van 'n sogenaamde genitief-teologie of 'n kontekstuele

teologie. 'n Genitief-teologie beteken hier: "Het is een theologie *van* feministen". Hulle, die opstandige vrouens, is die onderwerp, die subjek van hierdie teologie en hulle verhouding tot God en die goddelike is in die eerste plek die objek daarvan.

Van Wyk (1985:33) definieer hierdie teologie soos volg: "Feministiese Teologie kan ook omskryf word as 'n sistematiese teologiese refleksie van die wêreldwye vroulike ervaring as een van onderdrukking en diskriminasie." (Vgl. Lindhout, 1987:244.)

## 2.4 NUANSEVERSKILLE TUSSEN FEMINISTIESE TEOLOË

Die Feministiese Teologie is 'n komplekse verskynsel ook in dié sin dat nie almal wat hulle daarmee besig hou dieselfde siening van sake het nie. In bepaalde opsigte is die verskille tussen hulle selfs redelik groot. Dit het veral betrekking op hulle siening van die Bybel en die Christendom. So is daar die *rewolusionêre feministe* wat die Bybel en die Christendom beslis verwerp omdat dit volgens hulle so 'n sterk patriargale karakter het. Maar dan is daar ook die *gematigde feministe* (ook "reformiste" genoem) wat die Bybel en die Christelike geloof aanvaar, maar beide van die patriargale karakter daarvan wil reinig (Van Wyk, 1987:70-71; vgl. ook De Groot, 1988:261).

Daly van die VSA is 'n voorbeeld van die *rewolusionêre feministe*.

Sy (1983:97-98) bejeen die Christendom met minagting vanweë die wyse waarop dit, volgens haar, die vrou benadeel het. Daar is wel vrouens wat van oordeel is dat die Christendom in hulle belang opgetree het, maar tans nie meer sukses daarmee het nie. Maar die lys van barbaarse wreedhede wat vrouens in die Christendom aangedoen is, gee nouliks enige steun vir so 'n standpunt. Die Christelike teologie het nog altyd beweer dat die vrouens minderwaardig, swak, sleg en verdorwe was. Die logiese konsekwensies van hierdie siening is uitgewerk in 'n aantal sosiale verordeninge wat op niksontsiende wyse die lewens van vrouens ingeperk en vernietig het. In die lig hiervan is dit te verstane dat vrouens geen redding van 'n manlike figuur, al is dit 'n goddelike persoon, kan verwag nie.

De Groot en Halkes van Nederland kan weer beskou word as verteenwoordigers van die meer *gematigde feminisme.* De Groot verwerp nie die Bybel soos Daly nie; inteendeel, sy het 'n diepgaande studie daarvan gemaak en 'n proefskrif (1988) oor die "Ek is"-uitsprake van Christus volgens die Evangelie van Johannes geskryf. Tiperend is die subtitel van haar proefskrif:

"Een vrouwenstudie van het evangelie naar Johannes". Daarin toon sy aan hoe die Bybel van sy patriargalisme gereinig moet word en hoe dit deur 'n vrou gelees en verstaan moet word (1988:262).

Ook Halkes neem 'n meer gematigde (maar tog nog baie kritiese) standpunt teenoor die Christendom as Daly in. Sy (Halkes) doen dit onder andere in haar boek met die sprekende titel: "Met Mirjam is het begonnen: opstandige vrouwen op zoek naar hun geloof" (1986).

Om te bewys dat daar ook in die Bybel sprake is van vrouens wat vir hulle bevryding van manlike oorheersing geveg het, beroep Halkes (1986:105-106) haar op Mirjam, die suster van Moses. (Vgl. Num 12.) Die duidelike invloed van manlike manipulasie van hierdie geskiedenis blyk daaruit dat hoewel Mirjan en Aäron beide teen Moses in opstand gekom het, die Skrif sê dat *net* Mirjam melaats geword het. Maar hedendaagse, kritiese vrouens wat met hulle eie oë na 'n geskiedenis soos die van Mirjam kyk, kan nie meer deur die manlike manipulasie daarvan mislei word nie.

Dit is duidelik dat Halkes met hierdie uiteensetting te kenne wil gee dat as Mirjam in opstand gekom het toe sy as leier misken is, vrouens tans ook in opstand kan kom en moet kom teen almal wat hulle nie 'n volwaardige plek in die samelewing gun nie.

Tot die meer gematigde groep hoort ook Elizabeth Moltmann-Wendel van Duitsland (die vrou van die bekende teoloog Jürgen Moltmann) wat haar siening in die verband weergee in 'n boek met die besondere titel: "*Vrijheid, gelijkheid, zusterschap*" (1978).

## 3. VERNAAMSTE DOGMATIESE BESKOUINGS

Die dogmatiese beskouings van die Feministiese Teologie wat in hierdie afdeling behandel word, naamlik die Godsbeskouing en die Skrifbeskouing, word hier as die *vernaamste* bestempel omdat die ander dogmatiese beskouings feitlik in hulle geheel deur hierdie twee bepaal word.

### 3.1 BESKOUINGS OOR GOD

#### 3.1.1. Die beskouings as sodanig

##### *3.1.1.1 God die Vader*

Die Feministiese Teologie het ernstige beswaar daarteen dat die Bybel deurgaans 'n *manlike* Godsbeeld voorhou. God word aangedui as die

*Vader*, die *Koning*, die *Herder*, ensovoorts. Van Hom word deurgaans gepraat as *Hy* en Christus in *sy Seun*.

Die besware wat die Feministiese Teologie met hierdie oorwegend manlike godsbeeld het, word deur Dijk en andere (1985:189-191; vgl. ook Van Wyk (1987:72) in hoofsaak soos volg weergegee:

* Die *eerste* beswaar is dat die eksklusief manlike simbole en metafore (taalbeelde) waarmee God aangedui word, dit vir vrouens moeilik maak om in die liturgie werklik mee te lewe. Die manlike beelderykdom in die liturgie is so groot dat, uit psigologiese oogpunt beskou, dit aan vrouens geen identifikasiemoontlikhede bied nie.

* Die *tweede* beswaar is dat vrouens wat van hulle onderhorige posisie in die samelewing bewus geword het, die oorheersende manlike simboliek in die liturgie en die teologie as onderdrukkende taal ervaar. Dit is die taal van diegene wat die mag in hande het en dit is die mans.

* Die *derde* en ingrypendste beswaar is dat wanneer daar eksklusief met manlike simbole na God verwys word, dit nie slegs 'n bepaalde betekenis vir God het nie maar ook vir die man. So 'n spreekwyse het naamlik maatskaplike konsekwensies want daardeur word 'n bepaalde voorrang aan die man bo die vrou verleen. Trouens as daar *slegs* met manlike voornaamwoorde en simbole oor God gepraat mag word, beteken dit dat slegs dit wat eie aan die man is, geskik geag word om die hoogste, die grootste, die magtigste en die belangrikste ter sprake te bring. As in die spreke oor God slegs een soort simboliek as legitiem beskou word, is die identifikasie tussen saak en simbool voor-die-hand-liggend.

Dat hierdie derde beswaar in die Feministiese Teologie in 'n ernstige lig beskou word, blyk uit die volgende uitsprake van die beoefenaars van hierdie teologie.

Die byna klassiek geworde uitspraak van Daly (1983:28), naamlik: "As God manlik is, dan is die manlike God", gee volgens Halkes (1982:149) kort en kragtig die essensie van die feministiese proteste weer. Daly (1983:23) sê verder: As God in "sy" hemel as 'n vader oor "sy" volk regeer, dan is dit "natuurlik" en in ooreenstemming met sy goddelike plan en die wette van die heelal dat die maatskappy deur mans beheers word. In so 'n konteks word die rolle tussen man en vrou vervals, want die man wat sy vrou oorheers, verteenwoordig dan God "self".

Halkes (1984:51-53) is dieselfde mening toegedaan. Sy sê dat die voorstelling van God, nie slegs as manlik nie maar ook as die patriargale Vader, die oorsaak is dat die oorheersing van mans oor vrouens gewettig en geheilig is omdat die indruk gewek word dat dit volgens God se orde en plan is. Daar kan trouens 'n baie duidelike wisselwerking tussen die patriargale Godsbeeld en die manlike magsposisie in die samelewing aangewys word. (Vgl. ook Halkes, 1982:149.) In die lig hiervan kan 'n mens ook verstaan dat Halkes (1984:52) as feminis praat van "het mannelijk geslacht van het Godsbeeld dat onduldbaar is".

Collins (1981:344) laat haar op 'n soortgelyke wyse oor die saak uit. Sy sê: "If God is called 'Father', 'Lord' continuously, there will be practical consequences: Men will be thought of as superior and women inferior. The corollary, feminist theology asserts, is that if we hope to generate a social order in which equality between the sexes prevails, then we will have to change our images for God".

*3.1.1.2 God die Seun*

Die Feministiese Teologie het nie net beswaar teen die feit dat God *as Vader*, dus *as man*, in die Bybel aan die gelowiges voorgehou word nie, maar ook teen die feit dat van Jesus Christus gepraat word *as Seun* van God, dus óók *as man*. Juis omdat die Christelike godsdiens, waarin God as manlik, as Vader voorgehou word, die lewens van vrouens ingeperk en vernietig het, is dit volgens Daly (1983:98) te verstaan dat vrouens nou geen redding van 'n manlike figuur, al is dit 'n goddelike persoon, kan verwag nie. 'n Patriargale godheid of sy seun (sic!) is juis *nie* in 'n posisie om vrouens van die verskrikking van die patriargale wêreld te red nie.

Halkes (1982:149) sê verder dat daar in die bediening van die sakramente geen eenheid tussen Jesus Christus en die vrouens kan wees nie juis omdat Hy 'n man is.

*3.1.1.3 God die Heilige Gees*

Halkes (1986:38) erken dat die Heilige Gees as tema weinig aandag geniet by die feministiese teoloë. Tog sê sy (idem): "Eerder dan voor de Vader en de Zoon staan feministische theologen open voor God de Geest die het relationele uitbeeldt, het dynamische en die de vonk ontsteek in het 'Zwischen' tussen mensen".

Dijk *et al.*(1985:205-206) toon egter aan dat daar sekere feministiese teoloë baie sterk daarvoor voel om die Heilige Gees as vroulik (as 'n "Sy" en nie as 'n "Hy" nie) te beskou en "als een vrouwelijke aanwezigheid van God (te) ervaren". (Vgl. Koole, 1989:52.)

*3.1.1.4 Die Drie-eenheid*

Die gangbare leer oor die drie-eenheid van God is in werklikheid, volgens Halkes (1984:70-71), 'n monargiese monoteïsme wat baie slagoffers gemaak het. Op hierdie wyse is God van die volheid van die lewe geïsoleer omdat Hy altyd dominerend daarbo verhewe is.

In die moderne leer van die Drie-eenheid (waarby die Feministiese Teologie aansluiting vind – PJdB) gaan dit veral daarom dat God Hom op 'n horisontale wyse moet openbaar in die betrokkenheid van mense op mekaar. So verdwyn die patriargale God en in sy plek word die drie-enige God gevind in:

* die liefdevolle, nabye en selfs kwesbare Abba-vader;

* Jesus Christus ons broer;

* ons moeder, die Heilige Gees.

So 'n verhorisontaliseerde siening van die drie-eenheid van God bevry 'n mens van oorheersing en maak plek vir omhelsing. (Vgl. Arntzen, 1988:198.)

Halkes (1984:70) beskou dit as heilsaam dat daar tans opnuut oor die drie-enige God nagedink word, juis om iets van hierdie "plurale en gedifferentieerde" te probeer red. Volgens dié siening is die drie-eenheid van God dan in werklikheid drie verskynings van God:

* oproepend en uitleidend (die Vader);

* mensgeworde en verlossend (die Seun);

* die vonk in ons siel, "gemeenschap stichtend en kreatief" (die Heilige Gees.)

So gesien word die Godsbeeld relasioneel en dinamies en kan die mens lewe uit die belofte van die voltooiing. In die proses sal die patriargale God uit die mens se sig verdwyn.

### 3.1.2 Die oplossings van die Feministiese Teologie

In die voorgaande is aangedui watter probleme die Feministiese Teologie ervaar met die Bybelse voorstelling van die *manlikheid* van God die Vader en die *manlikheid* van sy Seun Jesus Christus. Maar watter oplossings doen hulle aan die hand om die probleme op te los. Volgens Dijk *et al.* (1985:193-208; vgl. ook Van Wyk, 1987:82-74) is daar in die Feministiese Teologie in hoofsaak vier oplossings oorweeg. Wat verder volg, is hoofsaaklik gebaseer op genoemde uiteensetting van Dijk en andere.

*3.1.2.1 Herinterpretasie van die manlike Godsbeeld*

'n Voorstander van hierdie siening is Phyllis Trible. Sy is van oordeel dat daar in die Bybel ook 'n antipatriargale bedoeling gevind word. In verskeie gedeeltes in die Ou Testament word daar oor God gepraat in beelde wat aan die ervarings en optrede van vrouens ontleen is. Deur sowel die "manlike" as "vroulike" karaktertrekke van God by die eksegese in berekening te bring, word die oënskynlike seksisme in die Godsbeeld getransendeer.

*3.1.2.2 Neutrale verwyings na God*

Hierdie siening, waarvan Letty Russell 'n voorstander is, kom daarop neer dat as daar in spreke of sang na God verwys word, die derde persoon enkelvoud vermy moet word. Dit beteken dat, as van God gepraat word, die persoonlike voornaamwoorde soos "Hy" en "Sy" nie gebruik moet word nie, maar die "neutrale" woord "God" moet elke keer gebruik word. Of daar moet met nie-geslagtelike beelde na God verwys word — beelde soos wynstok, lewende water, lig, vuur, trooster, krag, ensovoorts. Maar indien die gebruik van dergelike beelde nie die gewenste oplossing bied nie, moet die besitlike en persoonlike voornaamwoorde wat gebruik word afwisselend manlik en vroulik wees "om de androgynie van de benamingen uit te drukken" (Dijk *et al.* 1985:198).

*3.1.2.3 Manlike èn vroulike beeldspraak oor God*

Volgens hierdie beskouing moet vroulike Godsbeelde naas die manlike Godsbeeld gebruik word. As 'n mens hiervolgens optree en jy bid die "Ons Vader", moet jy bid: "Ons Vader en Moeder ...". In geskrewe stukke moet na Jahweh verwys word as "God/in" en die voornaamwoord "S/Hy" moet gebruik word. "Zij (de Godheid) overstijgt wat wij als 'mannelijk' en 'vrouwelijk' benoem" (Dijk *et al.* 1985:203).

Die redes waarom die gebruikers van hierdie metafore God ook as vrou wil aandui, is onder andere die volgende:

* As God ook as vrou aangedui word, kry die vrou meer waarde.

* As God slegs op 'n manlike wyse aangespreek word, is dit nie net 'n "act of pride" nie, maar lei dit ook tot 'n godsdiens wat aan afgodery gelykstaan.

* Die "anders-wees" van die vrou, wat impliseer dat sy nie die gelyke van die man is nie, is 'n refleksie van die wyse waarop daar oor God gepraat word. Aan die gelykheid van die vrou met die man sal slegs erkenning gegee word as daar ook ruimte gemaak word vir die vroulike karaktertrekke van God.

Naas die aanduiding van God as manlik en vroulik in gelyke mate, is daar ook feministiese teoloë wat sterk daarvoor voel om die Heilige Gees in elk geval as vroulik aan te dui (Letty Russell). Vir hierdie siening beroep hulle hulle op die Siriese kerk waar die Heilige Gees tydens die eerste eeue van die Christelike kerk as die vroulike aanwesigheid van God ervaar is. Die Hebreeuse woord vir Gees, *ruach*, is vroulik.

*3.1.2.4 Die aanduiding van God as vroulik*

Volgens hierdie oplossing moet die *manlike* voorstelling en aanduiding van God vervang word met 'n *vroulike*. God moes dus as Godin beskou en aangedui word. Sommige wil dit doen *in aansluiting* met die Joods-Christelike tradisie, maar ander wil dit weer doen by wyse van *'n breuk* met die Joods-Christelike tradisie.

Laasgenoemde groep sê dat die voorstelling van God as vrou, vrouens kan help om hulle te bevry van die patriargale simbolesisteem wat die onderdrukking van vrouens legitimeer. Die aanduiding van God as "Godin" sal aan die vrouens weer 'n positiewe selfbeeld gee. So sal feministiese vrouens gelegitimeer en ondersteun word om hulle stryd teen onderdrukking voort te sit.

Hierdie poging om God as "Godin" aan te dui is veral opvallend omdat, volgens Koole (1989:51), die "Godin" in die verlede in die heidendom 'n besondere groot rol gespeel het. (Vgl. ook Chandler, 1990:120-124.)

## 3.2 SKRIFBESKOUING EN SKRIFVERKLARING

Bogenoemde oplossings van die Feministiese Teologie vir die probleem wat hulle het met die manlikheid van God die Vader en God die Seun, impliseer dat hulle 'n ander Skrifbeskouing en veral 'n ander Skrifverklaring het as wat in die verlede in die meeste reformatoriese kerke en selfs in die Roomse Kerk gevind is.

### 3.2.1 Skrifbeskouing

Wat hulle Skrifbeskouing betref, kan kortweg gesê word dat dit in die praktyk daarop neerkom dat die aanhangers van die Feministiese Teologie die gesag van die Skrif met verskillende grade van radikaliteit verwerp. Op grond van hulle Skrifbeskouing (of Skrifverwerping) kan hulle in die volgende groepe ingedeel word:

a. *Die groep wat die gesag van die Skrif radikaal verwerp*

'n Duidelike voorbeeld van so 'n persoon is Mary Daly (1983:52) wat, hoewel sy tans aan geen kerk behoort nie, tog professor in teologie is aan Boston College, VSA (Anon., 1989).

b. *Die groep wat die gesag van die Skrif op 'n gematigde wyse verwerp*

Tot hierdie groep behoort Fiorenza (1986:73-81), Bal, Van Dijk-Hemmes en Van Ginneken (1985:49-50).

c. *Die groep wat die gesag van die Skrif op 'n versluierde wyse verwerp*

Noorda (1982:129-130) behoort tot hierdie groep.

d. *Die groep wat die gesag van die Skrif verwerp deur hulle metodes van Skrifverklaring*

Onder die lede van hierdie groep tel Halkes (1984:72; 1986:54-55), Ruether (1985:20-21) en De Groot (1988:258-260).

Wat egter besonder opvallend is, is dat ondanks hulle verwerping van die gesag van die Skrif as die Woord van God wat deur die Heilige Gees geïnspireer is, hulle tog teologie beoefen en hulle voortdurend met die Skrif besig hou. In 'n sekere sin is dit heeltemal verstaanbaar. Hulle beskou

immers die Bybel en die gebruik daarvan deur die kerke in die loop van die geskiedenis as een van die vernaamste oorsake vir die miskenning en onderdrukking wat hulle ervaar. Daarom probeer hulle om die Skrif so te verklaar dat alle elemente van die sogenaamde onderdrukking van die vrou verwyder word. Indien hulle daarin slaag, sal wat hulle betref, een van die vernaamste oorsake vir die onderdrukking van die vrou geëlimineer word.

In die lig hiervan is dit heeltemal verstaanbaar dat hulle intense aandag gee aan die hermeneutiek. Gevolglik is dit nodig om hier kortliks aandag te gee aan hulle Skrifverklaring.

### 3.2.2 Skrifverklaring

#### *3.2.2.1 Inleiding*

As 'n mens lees wat die verkillende beoefenaars van die Feministiese Teologie oor die verklaring van die Skrif sê, word dit gou duidelik dat dit haas onmoontlik is om van 'n *hermeneutiek van die Feministiese Teologie* te praat omdat daar weinig eenstemmigheid in die verband is. Hulle stem oor die algemeen wel saam

* dat die Bybel *nie* gesien moet word as die gesagvolle, geïnspireerde Woord van God nie (vgl. punt 3.3.1) en

* dat die Bybel so verklaar moet word dat alle manlik-dominerende elemente daaruit verwyder word sodat slegs dit oorbly wat in geen opsig vernederend en skadelik vir die vrou is nie.

Maar as dit kom by die wyse van Skrifverklaring, gaan die gedagtes uiteen – al is daar soms onderlinge waardering vir mekaar se standpunte. Wat verder hier aangebied word, moet dus nie gesien word as die hermeneutiek van die Feministiese Teologie nie, maar hoogstens as die hermeneutiek van enkele feministiese teoloë. Slegs die sienings van Fiorenza en Ruether word hier behandel.

#### *3.2.2.2. Fiorenza*

Fiorenza (1986:66) is daarvan oortuig dat 'n mens nie intellektueel neutraal kan bly as jy Bybelse teologie in 'n situasie van uitbuiting en onderdrukking beoefen nie omdat jy altyd vir of teen die verdruktes sal wees. Daarom verklaar sy prontuit (1986:67,68) dat sy as 'n feministiese teoloog die Bybel

*bevoordeeld* benader as sy dit ondersoek met die oog op die vrouebeweging of die regte van vrouens.

Die hermeneutiese beginsel dat die Skrif sy eie verklaarder is en dat die reël van Skrif met Skrif vergelyk daarom in die teologie en godsdiens van toepassing moet wees, is vir die Feministiese Teologie nie aanvaarbaar nie. 'n Paslike hermeneutiese reël kan slegs geformuleer word binne die kader van die bevrydingstryd van vrouens en alle onderdrukte mense (Fiorenza, 1986:80).

Om 'n gepaste wyse van Skrifverklaring te bekom het Fiorenza (1985:130) 'n *hermeneutiek van suspisie* ("hermeneutics of suspicion") ontwikkel waardeur sy enersyds die "woord van God" in die Bybel gaan soek en andersyds, vanweë die androsentriese karakter van die Bybel, by elke teks in die Bybel 'n etiket wil plaas met die woorde daarop: *Wees versigtig! Dit kan gevaarlik wees vir jou gesondheid en oorlewing.* In aansluiting daarby sê sy dan: "Not only is scripture interpreted by a long line of men and proclaimed in patriarchal churches, it is also authored by men, written in androcentric language, reflective of religious male experience, selected and transmitted by male religious leadership. Without question, the Bible is a male book. If Mary Daly is right that here also 'the medium is the message', selfidentified women struggling for survival should avoid it like the plague".

Volgens Fiorenza (1986:81) moet in die feministies-teologiese Bybelinterpretasie wat die bevryding van vrouens uit die onderdrukkende, seksistiese strukture, instellings en die daarin gekorporeerde waardes as maatstaf het, die stelling gehandhaaf word dat slegs die nie-seksistiese en nie-patriargale Bybeltradisies en nie-onderdrukkende tradisies van interpretasie van die Bybel teologies openbaringsgesag besit. Dan alleen sal die Bybel nie langer as middel tot onderdrukking van vrouens beskou word nie. Daarom is dit die taak van die Feministiese Teologie om die onderdrukkende tradisies en interpretasies van die Skrif ten opsigte van die vrou te verwerp. Maar in dieselfde gees moet deur middel van 'n kritiese feministiese hermeneutiek die tradisies en interpretasies wat vir die vrou 'n positiewe en bevrydende betekenis het, maar verskuild ingebed is in die patriargale kultuur, herondek word en bokant die onderdrukkende kulturele konteks waarin dit vasgevang is, uitgelig en opnuut beklemtoon word. So het die Christelike feminisme byvoorbeeld deur die eeue heen Galasiërs 3:28 opgeëis as sy grondwet, terwyl 1 Korintiërs 14 en 1 Timoteus 2 in die patriargale kerk gebruik is vir die kulturele en kerklike onderdrukking van vrouens. Laasgenoemde is ook die siening van Noorda (1982:138-139).

*3.2.2.3 Ruether*

Ruether (1985b:117-118) se siening kom op die volgende neer:

* Omdat die profete in die Naam van die Here kritiek uitgeoefen het op die sosiale orde waarin onreg met behulp van godsdiens gesanksioneer is, kan die feministiese teoloë tans ook in die Naam van die Here kritiek uitoefen op die huidige sosiale orde waarin die vrou onreg aangedoen word en hierdie onreg deur die Christelike godsdiens gesanksioneer is. Dit beteken dat die kritiek van die Bybelse profete en die kritiek van die feministiese teoloë op dieselfde vlak te staan kom.

* In hulle kritiek het die profete die goddelike voorskrifte (wat in die Bybel opgeneem is), waarvan die uitvoering 'n onreg teenoor bepaalde persone sou impliseer, ook gekritiseer. Daarom is die feministiese teoloë van oordeel dat hulle ook die reg het om sekere bepalings of aanduidings in die Bybel wat nadelig en aanstootlik is vir die vrou, te kritiseer.

# 4. DIE ETIEK VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE

## 4.1. INLEIDING

Net soos by die Godsbeskouing en die Skrifbeskouing is daar ook ten opsigte van die etiek onder die feministiese teoloë 'n verskil in siening of beklemtoning van sake. Aangesien die etiek van Daly redelik verteenwoordigend is van die etiek van die ander feministiese teoloë, word in wat volg hoofsaaklik op haar etiese beskouings gekonsentreer.

## 4.2 GODSBESKOUING EN ETIEK

Volgens Daly (1983:37) is daar in die Christendom drie afgode wat onttroon moet word. Die eerste afgod is die god wat vir alles 'n verklaring het. Die tweede een is die god van 'n ander wêreld as die een waarin die mens hom tans bevind. In verband met die etiek is veral die sogenaamde derde afgod van belang. Daly (1983:39) noem hom "die God wat die Regter van die 'sonde' is". Dit is Hy wat die juistheid van die reëls en rolle in die heersende sisteem bevestig en daardeur valse gewetens en selfvernietigende skuldgevoelens in stand hou. Vrouens het sowel geestelik as liggaamlik gely deur die optrede van hierdie godheid. In sy naam is aan hulle vertel dat geboortereëling en aborsie sonder meer verkeerd is, dat hulle ondergeskik

aan hulle mans moet wees, dat hulle teenwoordig moet wees by rituele en dienste waarin mans alle leiersrolle vervul en waarin vrouens gedegradeer word, nie slegs deur hulle gedwonge passiwiteit nie, maar ook deur woorde en simbole. Die groei van selfrespek in vrouens sal daarop uitloop dat sowel aan hierdie god wat valse skuldgevoelens opwek as aan die ander demone wat soos gode vermom is, die doodsteek gegee word (Daly, 1983:39).

Die geloof dat God die almagtige Vader is, het volgens die Feministiese Teologie 'n verwoestende uitwerking op die lewens van vrouens en die dogters in hulle gesinne gehad. Imbens en Jonker (1985:1975-176) is van oordeel dat die voorkoms van bloedskande waar vaders hulle dogters seksueel misbruik, direk aan die geloof in 'n almagtige Vader in die Christendom toegeskryf moet word.

In hulle boek *Godsdienst en incest* sê Imbens en Jonker (1985:176) die volgende: Die patriargale belewing van die Christendom is destruktief vir vrouens. Mans ontleen daaraan die moontlikheid om meisies en vrouens te verneder en seksueel te misbruik en dan aan die slagoffer daarvan die skuld te gee. Die feit dat meisies in 'n gesin deur hulle vader seksueel misbruik is, is die etiese uitwerking van 'n godsbeeld wat eeuelank deur mans in Christelike kerke uitgedink en verkondig is.

## 4.3 DIE OORSPRONG VAN DIE ETIES-KWADE: NIE DEUR EVA NIE

**(Vgl. Daly, 1983:51-54.)**

Die sondeval, soos in die Bybel geskets, waarin Eva die leiding geneem het, is geen werklike weergawe van sake nie maar 'n blote mite. Hierdie mite het die status van die vrou in die maatskappy ernstig benadeel en gehelp om die geesteshouding te vorm van diegene wat niks anders nie as bevooroordeelde, man-gesentreerde etiese teorieë verkondig. Deur hierdie mite wou die patriargaat met behulp van die godsdiens die boodskap oorbring dat vrouens die oersondebokke was. Daardeur is 'n rasionele basis gegee aan destruktiewe elemente in die kultuur, aan sosiale gewoontes en burgerlike wette – soos die wette oor aborsie – wat strafmaatreëls vir die seksuele gedrag van vrouens bevat.

Die mite is sowel 'n simptoom as 'n instrument vir verdere verderf. Die belangrikste uitwerking daarvan was dat die seksuele onderdrukking van die vrou in die maatskappy 'n fondament gekry het sodat die ondergeskikte posisie van die vrou in die wêreld dubbeld geregverdig is: *eerstens* vind die

vrou haar oorsprong in die man en *tweedens* was sy ook die oorsaak van sy ellende en van sy val. Die eienaardige geboorte van Eva en haar rampsalige sondigheid was in werklikheid 'n grap, maar dit het 'n paar duisend jaar geduur voordat ingesien is dat dit 'n grap met kosmiese afmetings is. En toe teoloë en geleerdes dit ingesien het, het hulle dit nie die moeite werd geag om verdere aandag daaraan te gee nie.

In reaksie op hierdie siening van die sondeval en die destruktiewe betekenis wat dit spesifiek vir die vrou gehad het, sê Daly (1983:53-54) in skerp taal: *Die projeksie van die skuld op vrouens — dít is die werklike sondeval van die patriargaat, die oerleuen.*[1]

## 4.4 DIE ETIESE ONDERSKEID: GOED-KWAAD VERWERP

Volgens Daly (1983:70) verwerp die Feministiese Teologie op etiese gebied die Bybelse onderskeiding tussen *goed* en *kwaad*. De Groot (1986:64) sê kort en kragtig: "Voor mij bestaat zonde niet." Daly (1983:20) se siening van sake in die verband is soos volg: Die tans aanvaarde definisies wat deur mans vasgestel is, bepaal dat 'n vrou slegs 'n *goeie* of 'n *slegte* vrou, slegs 'n eggenote of 'n prostituut kan wees. Hierdie siening moet deur die vrouens verwerp word en hulle moet uitstyg bokant hierdie definisies waardeur hulle as goed of sleg aangedui kan word. Trouens, hulle bevryding sal daadwerklik begin as hulle weier om *goed* en/of *gesond* volgens die heersende maatstawwe te wees. Met dié doel voor oë moet die vrouens in susterskap saamstaan om te kom tot 'n aktiewe verwerping van die sindroom waarin die vrou altyd as die sondebok aangedui word. Dit staan gelyk aan 'n verklaring van identiteit wat uitgaan bo die begrippe goed en kwaad, normaal of versteur, soos dit in die patriargale wêreld opgevat word.

## 4.5 DIE ETIESE OPLOSSING: DIE ANDROGIENE MENS[2]

Soos 'n mens uit die voorafgaande kon aflei, is daar by Daly (1983:20), as een van die mees uitgesproke en radikale beoefenaars van die Feministiese Teologie, 'n bykans fanatiese verset teen alle vorms van werklike of vermeende oorheersing van die man oor die vrou. Sy beskuldig die man daarvan dat hy in die verlede 'n "he-man" was wat soos Dracula op die bloed van vrouens gelewe het. Ook in die moderne maatskappy is mans opgevoed om in hulle verhouding met vrouens 'n destruktiewe rol te speel. Dit het vrouens tot die gevolgtrekking gebring dat 'n outentieke, persoonlike verhouding met 'n man onder sulke omstandighede baie moeilik en selfs onmoontlik kan wees (Daly, 1983:124).

As gevolg van die eeuelange manlike oorheersing van die maatskappy en die beklemtoning van die onderskeid tussen man en vrou, is die situasie tans nog so dat mans en vrouens prakties in twee verskillende wêrelde lewe (Daly, 1983:99,164). Hierdie duidelike onderskeid tussen die twee geslagte met 'n aanduiding van elkeen se plek en taak, is die oorsaak van die verabsolutering van die eie geslag, en dit kan weer op wedersydse vernietiging van mekaar uitloop (Daly, 1983:99). Daly (1983:124) verklaar dan ook onomwonde dat radikale feministe dit met mekaar eens is *dat seksrolle in hulle geheel afgeskaf moet word*. Die begrippe homoseksualiteit en heteroseksualiteit is in elk geval slegs patriargale kwalifkasies.

Hoe sal die ideaal bereik kan word?

Terwyl man en vrou biologies nie verander kan word nie (behalwe gedeeltelik deur 'n mediese ingreep), is die enigste wyse waarop die verandering bewerk kan word psigies van aard. Dit is ook wat die Feministiese Teologie in die oog het. Daly (1983:99, 164-165) sê dat deur middel van kommunikasie wat elke mens met die "ek" in hom of haar voer, die mure waaragter die man se manlikheid en die vrou se vroulikheid verskans is binne die psige van elke mens, platgeslaan moet word sodat mans en vrouens steeds meer *androgiene mense* word, dit wil sê mense wat psigies manlik en vroulik tegelyk is[3]. (Vgl. Koole, 1989:90-100, 170-175; Schouls, 1990:15; Chandler, 1990:123.) As mans bereid is om dit te doen sal hulle in ewewig met hulleself kom en miskien daarin slaag om werklike mense te word. Met die *koms van die Antichris* wat sinoniem is met *die wederkoms van die vrouens* sal hierdie proses van verandering van alle mense tot psigies androgiene mense 'n aanvang neem (Daly, 1983:98-99).

Die idee van die daarstelling van 'n androgiene mens is deur Ruether breër uitgewerk.

Ruether (1983:110-112; 1985c:104-105) is ook net soos De Beauvoir en Daly daarvan oortuig dat die "sonde van die seksisme" (1983:20; 1985:22) oorwin sal word en die probleem van polarisasie tussen manlik en vroulik opgelos sal word wanneer sowel die man as die vrou psigies androgiene wesens is of, soos sy dit elders (1983:20; 1985:22) stel, as man en vrou geleer het wat inklusiewe mens-wees beteken – inklusief vir beide geslagte. Hoewel sy beswaar het teen die *woord androginie*, steun sy die saak wat daardeur aangedui word heelhartig. Volgens haar moet die verwarrende begrip *androginie* gelaat word vir wat dit is, en daarteenoor moet gestel word dat

elke mens 'n volledige en gelykwaardige menslike natuur en persoonlikheid *as man en as vrou* behoort te besit.

Ruether (1983:111-113; 1985c:105-106) sê verder dat manlikheid en vroulikheid betrekking het op bepaalde rolle met die oog op reproduksie. Daar is egter geen noodsaaklike (biologiese) verband tussen man en vrou se reproduktiewe aanvoeling oor en weer en die verskillende rolpatrone wat hulle op psigologiese of sosiale vlak het nie. Ondersoeke het getoon dat sekere karaktertrekke sterker by mans en ander weer sterker by vrouens is omdat die regterkantste deel van die brein beheersend by die vrou is en die linkerkantste deel beheersend by die man is. *Dit gee egter geen enkele grond om mans en vrouens as manlik en vroulik te onderskei nie,* want dit is duidelik dat sowel mans as vrouens *albei* gedeeltes van die brein besit. Die ondersoeke wat gedoen is, toon aan dat daar *geen* biologiese basis is om 'n onderskeid tussen 'n manlike en 'n vroulike psige te maak nie; inteendeel, dit dui juis aan dat albei geslagte tot psigiese heelheid in staat is. Daarom moet langs die weg van opvoeding en ontwikkeling die man en vrou in elke mens steeds meer geïntegreer word totdat 'n eenheid in die persoonlikheid van elke mens bereik is. In die reël kry vrouens dit makliker as mans reg om tot androginie te kom, maar vir mans is dit inderdaad ook moontlik.

# 5. BEOORDELING

## 5.1 DIE VERHOUDING TUSSEN ETIEK EN APOLOGETIEK

### 5.1.1 Inleiding

Volgens die Gereformeerde teologie kan die Etiek en die Apologetiek soos volg omskryf word:

* Teologiese Etiek is die deel van die teologiese wetenskap wat die geopenbaarde wil van God en die kerklike belydenis met betrekking tot die begeertes, gedagtes, woorde en werke van die mens bestudeer en hierdie gesindheid en optrede van die mens in die lig van Skrif en belydenis beoordeel. (Vgl. Buys, 1989:4; Heyns, 1982:54-55.)

* Apologetiek is die deel van die teologiese wetenskap wat die leerstellings van die Christelike godsdiens teenoor dwalings verdedig en handhaaf. Hy

doen dit deur sektes, kettery en dwaallering te bestudeer en vanuit die Skrif en die belydenis te weerlê. (Vgl. Hepp, 1922:27-28; Van der Walt, 1955:6-14.)

Ten opsigte van die etiek van die Feministiese Teologie het sowel die Etiek as die Apologetiek 'n rol om te speel. Die Etiek het 'n rol omdat die Feministiese Teologie 'n eie etiek het wat ook as Christelik aangedien word en derhalwe vanuit die Gereformeerde Teologiese Etiek beoordeel moet word. Die Apologetiek het 'n rol omdat daar in die Feministiese Teologie klaarblyklik 'n vreemde leer voorgedra word en die Gereformeerde leer daarteenoor verdedig en gehandhaaf moet word.

Maar bo en behalwe die feit dat die Etiek en die Apologetiek albei die Feministiese Teologie vakwetenskaplik moet aanspreek, het hulle binne die Gereformeerde Teologie by die beoordeling van dergelike stromings ook metodologies wedersyds 'n taak teenoor mekaar.

### 5.1.2 Die taak van die Etiek ten opsigte van die Apologetiek

Die Etiek se taak ten opsigte van die Apologetiek is die volgende:

5.1.2.1 Dit moet beklemtoon dat daar gevra moet word na die situasie waarin die Feministiese Teologie ontstaan het of na die oorsake wat tot die ontstaan daarvan aanleiding gegee het. Die *situasie* waarin iets plaasgevind het is immers by die etiese beoordeling van 'n handeling baie belangrik. Om byvoorbeeld 'n vyand in 'n regverdige oorlog dood te skiet en om 'n persoon uit gevoelens van persoonlike haat en wraak dood te skiet, beteken tog nie, dat die etiese beoordeling in beide gevalle presies dieselfde is bloot omdat daar in albei gevalle 'n persoon doodgeskiet is nie. (Vgl. Louw, 1988:74-75). Daarom moet die Etiek die Apologetiek lei om nie net 'n bepaalde teologiese stroming en die etiek wat daaruit ontwikkel het te beoordeel nie, maar ook te vra na die situasie waarin die stroming ontstaan het.

Vanselfsprekend sal die Etiek self dan verder moet aantoon hoe daar opgetree moet word om die behoefte aan so 'n afwykende etiek te voorkom.

5.1.2.2 Die Etiek moet die Apologetiek in die beoordeling van 'n afwykende stroming so lei dat daar nie 'n vertekende beeld van die opponent gegee word nie. Dan word die waarheid geweld aangedoen en dit is oneties. Die standpunte van die afwykende leer moet so korrek as moontlik weergegee word.

5.1.2.3 Die Apologetiek moet ook deur die Etiek gelei word om in die beoordeling van 'n vreemde leer die volle waarheid van Skrif en belydenis volgens die korrekte hermeneutiese reëls weer te gee. Om bepaalde uitsprake in Skrif en belydenis wat dalk in die guns van 'n bepaalde stroming kan wees te verswyg, is ook 'n aantasting van die waarheid – en boonop die waarheid van God se Woord. Omgekeerd word die waarheid van God se Woord ook aangetas as belangrike uitsprake daarin uit onkunde of om 'n ander rede nie aangewend word om die valse leer van 'n bepaalde teologiese stroming te ontbloot nie.

### 5.1.3 Die Taak van die Apologetiek ten opsigte van die Etiek

Die Apologetiek se taak ten opsigte van die Etiek is die volgende:

Die Apologetiek moet aan die Etiek toon dat die etiek van 'n bepaalde stroming nooit as iets op sigself beskou en beoordeel kan word nie, maar dat die etiek altyd uit 'n sekere dogmatiek groei. En as die valse leer waaruit die betrokke etiek gegroei het, ontbloot word, sal daardie etiek self ook onder verdenking kom.

Vanselfsprekend moet alle etiese standpunte van 'n afwykende stroming ook op sigself in die lig van Skrif en belydenis getoets word. Maar die beoordeling sal baie meer ter sake wees as die bodem waaruit die etiek gegroei het deeglik in ag geneem word.

Indien dit alles op die etiek van die Feministiese Teologie toegepas word, moet by die beoordeling daarvan aan die volgende sake aandag gegee word:

1. die situasie wat aanleiding gegee het tot die ontstaan daarvan;

2. die dogmatiese onderbou daarvan;

3. die etiek self;

4. die roeping van die Teologiese Etiek en die Apologetiek.

## 5.2 DIE SITUASIE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT DIE ONTSTAAN VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE

Soos aan die begin (vgl. punt 2.1) reeds aangedui, kan nie ontken word nie dat daar in die verlede in verskeie opsigte teen die vrou gediskrimineer is.

Die blote feit dat sy in die meeste Westerse lande eers in die jare rondom 1920/1930 stemreg gekry het, is voldoende bewys hiervan.

Aangesien daar, sover bekend, ook vanuit kerklike kant geen beswaar daarteen geopper is nie, was die weg gebaan vir die verstaanbare maar tog verkeerde gevolgtrekking, naamlik dat verskillende kerke – indien nie almal nie – dié stand van sake goedgekeur het. En toe daar beweer is dat die onderdrukking van vrouens in die Bybel, en in die besonder in die vaderskap van God gefundeer is, was die fondament van die Feministiese Teologie reeds gelê, ondanks die feit dat dit 'n foutiewe bewering was.

Indien daar tydig uit die Skrif gewys is op die gelykheid tussen man en vrou voor God en in die samelewing, al vervul hulle verskillende rolle, sou die Feministiese Teologie met sy strewe na die androgiene mens as oplossing vir die diskriminasie wat aangevoel word, waarskynlik nooit ontstaan het nie.

Ook Williams (1990:273-274) is daarvan oortuig dat as die gemeenskap mans en vrouens as gelykes behandel het, daar geen fundamentele rede sou wees om teen die beskouing dat God manlik (of vroulik) is beswaar te maak nie. Daarom behoort Christene nie te argumenteer oor die vroulikheid of aseksualiteit van God nie, maar hulle moet hulle beywer vir die wesenlike gelykheid tussen mans en vrouens, sonder om hulle rolle te verwar – wat juis by sommige manifestasies van die feminisme die geval is. Williams (1990:274) sê verder: "My contention is that it is precisely the Christian doctrine of redemption, so appropriate to the maleness of God, which gives women her dignity as equal to the male, as all are equally redeemed and equally valuable in die sight of God."

In hierdie verband is dit belangrik om daarop te let dat Paulus, voor hy in die brief aan die Efesiërs daartoe kom om aan te dui hoe daar in spesifieke verhoudings tussen man en vrou (5:22-33), tussen ouers en kinders (6:1-4) en tussen eienaars en slawe (6:5-9) opgetree moet word, eers 'n algemene riglyn in 5:21 gee: "Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig." (Vgl. Floor, 1986:45.)

Wat Paulus hier wil sê, kom daarop neer dat Christus gedien en geëer sal word as die gelowiges, en in die besonder man en vrou in die huwelik, ter will van hulle gesamentlike diens aan Hom, in hulle onderlinge verhouding aan mekaar onderdanig is. 'n Mens sou Paulus se bedoeling met die uitspraak in 5:21 ten opsigte van die huwelik soos volg kan verduidelik: as die man die *hoof* (kop) van die huis genoem kan word, kan die vrou die *hart*

van die huis genoem word. (Vgl. Louw, 1983:81-82; Behr, 1989:13.) Hoof en hart staan dan – soos in die liggaam – nie as wedywerende partye teenoor mekaar nie, maar hulle is veel eerder vennote wat mekaar aanvul (1 Kor 12:12-32). Met die oog op die beste funksionering van die liggaam as geheel, as eenheid, moet hoof en hart aan mekaar onderdanig wees. Terwyl elkeen 'n eie funksie en werksaamheid het, moet die hoof die hart en die hart die hoof konsidereer. (Vgl. Hendriksen, 1976:243-244; De Bruyn, 1989:24-27.)

Die algemene reël van Efesiërs 5:21 dat gelowiges uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig moet wees, sluit verder nie uit dat in bepaalde strukture daar situasies kom waarin 'n persoon of persone as gesagsdraers "amptelik" moet optree nie. Dan moet hulle ook as sodanig eerbiedig word. Dit toon Paulus aan as hy verder in Efesiërs 5:22-6:9 verwys na die verhouding tussen man en vrou, tussen ouers en kinders en tussen eienaars en slawe.

Wat die huwelik en die huisgesin betref, het God self die man as hoof aangewys. Dit is baie duidelik uit verskeie Skrifgedeeltes (1 Kor 11:3-12; 14:34; Ef 5:22-24, 32-33; 1 Tim 2:11-14). Dit beteken dat as die man onder normale omstandighede nalaat of weier om in die huwelik of huisgesin as hoof op te tree, of as die vrou die hoofskap van die man negeer of ondermyn, hulle in stryd met die wil van God optree. Die man moet egter met die regte gesindheid as hoof optree, gedagtig aan die woorde van Christus dat wie 'n leier wil wees, moet word soos een wat dien (Luk 22:26).

Vanselfsprekend kan die vrou in 'n ander gesagstruktuur weer gesagsdraer wees en die man gesagsonderdaan. In daardie situasie moet die man hom dan aan die leiding van sy vrou onderwerp.

Dit alles neem egter nie weg nie dat in die gewone gang van sake waar daar nie amptelik opgetree word nie, die reël van Efesiërs 5:21 steeds van krag bly, naamlik dat gelowiges, en dus ook die gelowige man en vrou in die huwelik, uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig moet wees en dat die een die ander hoër moet ag as homself of haarself (Fil 2:3; vgl. Floor, 1986:45; Foulkes, 1978:154).

Indien daar in die verlede volgens hierdie bepalings van God in sy Woord opgetree is, sou die Feministiese Teologie waarskynlik nooit ontstaan het nie.

Dit is die taak van die Teologiese Etiek om tydig uit God se Woord op ongerymdhede in die samelewing soos die diskriminasie teen die vrou te wys en op te roep tot bekering. Dan sal daar aan een of ander dwaalleer om in die vermeende of werklike leemte te voorsien geen behoefte wees nie.

## 5.3 DIE DOGMATIESE ONDERBOU VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE

Hier word slegs aan twee aspekte aandag gegee naamlik

1. die Godsbeskouing en in die besonder die siening van God die Vader;

2. die Skrifbeskouing

### 5.3.1 Die Godsbeskouing – in die besonder die siening van God die Vader

Dat die Bybel met behulp van manlike beelde oor God praat, word by herhaling deur die Feministiese Teologie beklemtoon. Behalwe die beeld van die *vader* (Deut 32:6; Jes 63:16; 64:8; Mt 6:9,26,32), kom die beeld van die *herder* (Ps 23; Eseg 34; Jh 10; 1 Pet 2:25; 5:4) en die beeld van die *koning* (Rigt 8:23; 1 Sam 8:7; Ps 44:5, ens.) dikwels in die Skrif voor.

Wat in hierdie verband egter van besondere belang is, is die feit dat ook *vroulike beelde* gebruik word as daar in die Skrif van God of oor God gepraat word, hoewel dit minder is as die manlike beelde. (Vgl. Van Wyk, 1987:75; Spencer, 1985:121-131.) In Deuteronomium 32:18 word Israel verwyt: "Jy het ... die God wat jou in die wêreld gebring het, vergeet". Hier word een van die mees kenmerkende vermoëns van die vrou – waartoe die man nie in staat is nie – naamlik om aan 'n kind geboorte te gee op God toegepas. In die boek Jesaja word daar verskeie kere aan die hand van vroulike beeldspraak oor God gepraat. Volgens Jesaja 42:14 sê die Here: "Nou skree Ek soos 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring". En in Jesaja 49:14-15 word na God se ontferming verwys met die beeld van die moeder wat haar oor haar kind ontferm. Jesaja 6:13 is ook besonder sprekend: "Soos 'n moeder haar kind laat veilig voel, so laat Ek julle veilig voel. Julle sal veilig voel in Jerusalem". Wat die Nuwe Testament betref, word God in Lukas 15 nie net vergelyk met die *herder* wat sy skaap soek en die *vader* van die twee seuns nie, maar ook met die *vrou* wat die muntstuk soek. (Vgl. Dijk *et al.*, 1985:202.) Ook in Jakobus 1:18 word ten opsigte van God 'n woord *(apekunêsen)* gebruik wat gewoonlik met betrekking tot 'n vrou gebruik word as sy aan 'n kind geboorte gee (Grosheide, 1955:362; Jager, 1961:22).

Verskeie ander vroulike beelde word in die Skrif op God van toepassing gemaak (Spencer, 1985:123-131). Uit al hierdie gegewens blyk baie duidelik dat God nie so manlik is "dat daar nie ook vrouebeeldspraak ten opsigte van Hom gebruik kan word nie" (Van Wyk, 1987:75). Trouens, in die Skrif word daar selfs beelde uit die *dierelewe* (leeu, beer, arend, ens.) en uit die *stoflike wêreld* (son, fontein, bergvesting, ens.) gebruik en op God toegepas. Of nog erger: 'n bepaalde aspek van Christus se optrede, naamlik sy wederkoms, word selfs vergelyk met die van 'n *dief* (Mt 24:43; 1 Tes 5:2; 1 Pet 3:10).

Die gebruik van al hierdie beelde en metafore bied egter geen probleem nie, omdat daarmee gepoog word om God se optrede te verduidelik. Maar dan moet altyd in gedagte gehou word dat God nooit identies is met 'n bepaalde metafoor nie, want in sy uniekheid gaan Hy elke simbool ver te bowe. Spencer (1985:122) stel dit duidelik: "All images God employes are in some way like God, but none of them is totally like God".

Dit wil voorkom of die feministiese teoloë meer bekommerd is oor *hoe* iets gesê word (watter metafore gebruik word) as oor *wat* gesê word (wat deur die metafore aangedui word).

As verskillende persone of groepe ontsteld is omdat daar nie metafore gebruik word waarin hulle op een of ander wyse betrek word nie, kan daar inderdaad in onsinnige uiterstes verval word. Van Wyk (1987:79) stel dit so: "Indien *gestremdes* ... sou beweer dat vanweë die 'volmaakte' Godsbeeld hulle hulle moeilik met God kan identifiseer en dat so teen hulle gediskrimineer word, en indien *kinders* probleme sou hê met 'n 'volwasse' Godsbeeld ... en dat daarom die Godsbeeld telkens moet veránder (aansluit wél), dan het ons inderdaad by 'n stuk onsinnigheid aangeland".

As dit alles in ag geneem word, is dit duidelik dat die Feministiese Teologie se beswaar teen die manlike geslag van die Godsbeeld (Halkes, 1984:52) nie geldig is nie.

Op hierdie wyse toon die Apologetiek dat een van die vernaamste pilare waarop die etiek van die Feministiese Teologie gebou is, op sy beste 'n pilaar van los sand is wat in die lig van die Woord nie staande kan bly nie. Vanselfsprekend kom die etiek van die Feministiese Teologie daarmee ook in gedrang.

### 5.3.2 Skrifbeskouing

*5.3.2.1 Die Bybel as die Woord van God*

Soos reeds aangedui (vgl. punt 3.2.1), beskou die leidende figure onder die feministiese teoloë die Bybel *nie* as die gesagvolle Woord van God wat deur die Heilige Gees geïnspireer is en daarom gehoorsaam moet word nie (Arntzen, 1988:217). Trouens, hulle verwerp nie net die Bybel as die Woord van God nie, maar praat selfs met minagting daarvan. Dit blyk onder andere uit die opmerking van Fiorenza (1985:130) dat vrouens wat veg vir hulle oorlewing die Bybel as 'n manlike boek moet beskou en dit soos pes moet vermy.

Ondanks so 'n Skrifbeskouing maak die feministiese teoloë tog daarop aanspraak dat hulle werklik *teologie* beoefen. (Vgl. punt 2.3.) Trouens, die vernaamste woordvoerders van die Feministiese Teologie is professore in die teologie. Fiorenza, wat so minagtend van God se Woord praat (vgl. punt 3.2.2.2) is self 'n professor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Notre Dame in die VSA.

Maar is dit teologie wat hulle beoefen? Teologie is immers die wetenskap wat die openbaring van God soos dit in die Heilige Skrif vervat is as veld van ondersoek het (Douma, 1971:11). As die feministiese teoloë egter die gesag van die Skrif verwerp en vanuit eie, subjektiewe – in hierdie geval: feministiese – sienings en ideale bepaal wat die inhoud van die teologie moet wees, dan is dit duidelik dat hulle teologie geen teologie in die Bybelse sin van die woord is nie, maar 'n *humanistiese ideologie* onder die dekmantel van'n Bybelse of Christelike teologie. (Vgl. Goudzwaard, 1980?: 26-27, 72-76.) En dit beteken dat hulle etiek ook nie 'n Christelike etiek is nie, maar op sy beste 'n humanisties-feministies-ideologiese etiek wat geen aanspraak op Christelikheid kan maak nie.

*5.3.2.2 Skrifverklaring*

As die gesag van die Skrif verwerp word, het dit eintlik weinig sin om dan nog van Skrifverklaring of hermeneutiek te praat. Tog kan 'n mens dit nie ignoreer nie omdat die feministiese teoloë in wat hulle as teologie beskou wel 'n hermeneutiek het. Samevattend kan gesê word dat hulle hermeneutiek die volgende kenmerke het:

5.3.2.2.1 *Dit misken die reël dat die Skrif homself verklaar*

Van 'n hermeneutiek waarin Skrif met Skrif vergelyk moet word, is daar by hulle geen sprake nie.

5.3.2.2.2 *Dit is oordrewe emosioneel*

Alles wat gunstig is vir die vrou, is sonder meer goed, en alles wat vir die vrou ongunstig is, is sonder meer sleg (Fiorenza, 1986:80). Op grond van sulke emosies moet besluit word of 'n Skrifuitspraak aanvaarbaar is of nie.

5.3.2.2.3 *Dit is subjektief*

Die sogenaamde semiotiese Skrifverklaring van De Groot (1988:179) waarvolgens dit wat 'n mens in die Bybel lees, tekens en beelde by hom oproep, wat weer ander tekens en beelde in sy konkrete situasie oproep en so vir hom betekenis kry, is uiters subjektief omdat dit van mens tot mens kan verskil.

5.3.2.2.4 *Dit is onwetenskaplik*

Die onwetenskaplikheid blyk daaruit dat Fiorenza (1986: 67,68) reguit verklaar dat haar Skrifverklaring bevooroordeeld is. Verder is dit moeilik om te sien hoe sy met 'n "hermeneutiek van suspisie" (1985:130) op 'n wetenskaplike wyse opbouend besig kan wees.

5.3.2.2.5 *Dit is verwaand*

Ruether (1985b:118) is van oordeel dat haar en ander feministiese teoloë se kritiek op Bybelse uitsprake dieselfde gesag het as die kritiek van die profete op die godsdienstige lewe van Israel. Dit is verwaand om uitsprake wat bloot op subjektief-menslike insigte gegrond is op gelyke vlak te plaas met uitsprake wat voortvloei uit die inspirasie met die Heilige Gees.

Uit hierdie apologetiese beoordeling is dit duidelik dat geen wetenskaplike etiek wat in die Bybel gefundeer is met 'n hermeneutiek soos die van die feministiese teoloë gebou kan word nie. Daarom kan hulle etiek ook nie daarop aanspraak maak dat dit 'n Christelike of teologiese etiek is nie.

## 5.4 DIE ETIEK VAN DIE FEMINISTIESE TEOLOGIE

Wat die etiek van die Feministiese Teologie betref, word hier slegs aandag gegee aan een van die belangrikste elemente daarvan, naamlik die strewe na die androgiene mens.

Die ideaal om 'n androgiene mens daar te stel wat psigies in gelyke mate manlik en vroulik is, is in werklikheid niks anders nie as 'n poging om God se plan, doel en ordeninge by die skepping van die mens omver te gooi (Arntzen, 1988:239).

Uit die voorskrifte wat die Here aan Israel gegee het, is dit duidelik dat Hy wil hê dat die onderskeid tussen die twee geslagte gehandhaaf moet word (Deut 22:5). Hy is immers die Skepper van die twee geslagte en Hy het daarmee 'n besondere doel gehad. Om dit *nie* te handhaaf nie, is sonder twyfel verkeerd in sy oë (Kroeze, 1970:69).

God het man en vrou so geskape dat hulle vir mekaar tot hulp kan wees en mekaar kan aanvul. Anders gestel: man en vrou is so deur God geskape dat hulle aan mekaar kan gee wat elkeen op sy/haar eie nie het nie en tog graag wil hê en wat hy/sy slegs by en in medewerking met die ander kan verkry. Dit beteken dat hulle mekaar *wedersyds aanvul*, mekaar *kompleet maak* (komplementeer), in mekaar hulle *volheid* (pleroma) vind. Nuwe-Testamenties geformuleer beteken dit dat net soos die kerk die *pleroma* van Christus is en die kerk sy eie *pleroma* in Christus vind (Kol 2:10), so moet man en vrou dit in die huwelik vir mekaar wees (De Bruyn, 1982:228-229). Maar met die strewe na die androgiene mens van die Feministiese Teologie word hierdie diep en ryk betekenis van die verhouding tussen man en vrou in die huwelik met minagting oorboord gegooi.

Dit bly ook steeds 'n ope vraag of die strewe om 'n *unisex* androgiene wese wat psigies in gelyke mate manlik en vroulik is daar te stel realisties en haalbaar is. Juis die feit dat man en vrou biologies en seksueel so verskil, en hierdie verskil nie teruggevoer kan word na die vorming deur die maatskappy nie, maar na die skepping van God, en daar reeds duisende jare ooreenkomstig hierdie skepping as man en vrou geleef is, maak van die strewe na die androgiene mens 'n blote illusie. (Vgl. Jelsma, 1981:73.)

Hierdie strewe om van die mens 'n androgiene wese te maak moet noodwendig 'n skadelike uitwerking op die feministiese teoloë se huweliksbeskouing hê, omdat die huwelik, soos dit deur God ingestel is, juis gebaseer

is op die onderskeid tussen die twee geslagte en hulle aangetrokkenheid tot mekaar. Arntzen (1988:239) kom ook tot die gevolgtrekking dat die siening van die feministiese teoloë tot 'n *onder*waardering van huwelik, moederskap en gesin lei.

## 5.5 DIE ROEPING VAN DIE TEOLOGIESE ETIEK EN DIE APOLOGETIEK

### 5.5.1 Die Teologiese Etiek

Die taak van die Teologiese Etiek is om die mens se gesindheid en optrede in die lig van die Skrif te beoordeel en aan te wys wat die regte gesindheid en optrede in die oë van die Here is. Hierdie taak moet die Etiek veral onder huidige omstandighede vervul nie net ten opsigte van individuele persone of groepe persone nie, maar ook ten opsigte van bepaalde stromings soos die Feministiese Teologie. Maar dan moet die Etiek ook sonder skroom verder gaan om te toon dat sulke stromings in baie gevalle menslik gesproke nie sou ontstaan het as Christene nie nagelaat het om in alle opsigte volgens God se Woord te lewe nie. Net soos die Neo-Marxistiese Politieke Teologie met sy eie etiek sy ontstaan mede te danke het aan "die leemtes in die moderne samelewing asook die sosio-politiese onbetrokkenheid van die Kerk" (Vorster, 1984:117; vgl. ook Van Wyk 1983:29), so het die Feministiese Teologie ook ontstaan omdat daar in die verlede in mindere of meerdere mate teen die vrou gediskrimineer is en die kerke grotendeels daaroor geswyg het.

Maar al moet erken word dat sondes in eie midde geheel of gedeeltelik aanleiding gegee het tot die eties-afwykende rigtings, mag nie nagelaat word om die onskriftuurlikheid van dergelike stromings se etiek aan te wys en te ontbloot nie.

### 5.5.2 Die Apologetiek

Die Apologetiek se taak word by die dag groter. Talle nuwe stromings en sektariese rigtings wat op een of ander wyse op Christelikheid aanspraak maak of hulleself op die Bybel probeer fundeer of juis die Bybelse getuienis probeer vernietig, het in die onlangse verlede binne 'n kort tydsbestek op die kerklike horison verskyn. Dink in hierdie verband aan die Neo-Marxistiese Politieke Teologie (vgl. Vorster, 1984), die Swart Teologie (vgl. Schulze, 1981:1-29), die Wit Teologie in aansluiting by die Brits-Israel Beweging (vgl. Swart, s.a.: Neser, 1976?: Strauss, 1990:6-7) die Feministiese Teologie (vgl. supra), die New Age-Beweging (vgl. Martin, 1990), die Satanisme en die

okkultisme (vgl. Ouweneel, 1988; Schwarz & Empey, 1988; Koch, 1986) die Hare Krishna (vgl. Bhaktivedanta Swami Prabhupada, 1987, 1988) en talle meer. Al is sommige van hulle niks anders nie as ou dwalings in 'n nuwe gewaad, moet hulle tog indringend bestudeer word, hulle dwalings aangewys en die Gereformeerde leer daarteenoor gehandhaaf word. Dit moet op 'n soortgelyke wyse gedoen word as wat die Feministiese Teologie gedeeltelik in die voorgaande apologeties beoordeel is.

Mag die Here aan my die krag, genade, wysheid en insig, en veral die verligting en leiding van sy Heilige Gees gee om Teologiese Etiek en Apologetiek aan die Teologiese Skool en Etiek as deel van Bybelkunde aan die PU vir CHO so te doseer dat dit werklik tot eer van sy Naam en tot uitbreiding van sy koninkryk sal lei.

## VOETNOTAS

[1] Kursivering deur my – P J d B

[2] Die woord *androgien* moet van die woord *androgeen* onderskei word. Volgens *Nasionale Woordeboek* dui *androgeen* iets aan "wat 'n manlike uitwerking het," terwyl *androgien* aandui dat 'n plant, dier of mens "manlik en vroulik tegelyk" is.

[3] Die gedagte dat 'n mens psigies sodanig verander kan word dat die man meer vroulik en die vrou meer manlik kan word, word reeds by *Simone de Beauvoir* (1972a, 1972b) aangetref. Sy sê (1972b:11) uitdruklik *dat 'n mens nie as vrou gebore word nie, maar dat jy 'n vrou word.* Elders sê sy (1972b:179) dat die vrou nie is wat sy in haar wese is nie, maar wat die manlike geslag wil hê dat sy moet wees. Die konsekwensie hiervan is dat as die vrou reeds sodanig verander is om te wees wat sy nou is, sy – en dan ook die man – ook verder verander kan word om 'n androgiene wese te wees. De Beauvoir (1972b:510-511) sê ook uitdruklik dat dié ideaal bereik kan word as kinders in 'n androgiene wêreld opgevoed word. Valenkamp (1983b:11-14) gee 'n sinvolle bespreking van De Beauvoir se siening van sake. Wat die strewe na 'n androgiene mens behels, word betreklik breedvoerig deur Koole (1989) uiteengesit.

## GERAADPLEEGDE WERKE

AMBASSADOR COLLEGE. 1970. The new feminism: have women ever really had their rights. Pasadena: Ambassador College.

ANON. 1989. Female theologian again refused promotion. *The Banner*, 124 (20):19.15 Mei.

ARNTZEN, M.J. 1988. De feminististische theologie. *De Reformatie*, 64(9): 181-183, 26 Nov.; 64(10): 197-199, 3 Des.; 64(11): 217-220, 10 Des.; 64 (12): 237-240, 17 Des.

BAL, MIEKE, VAN DIJK-HEMMES, FOKKELIEN & VAN GINNEKEN, GRIETJE. 1985. De Bijbel en feminisme. *(In* Dijk, Denise, Van Dijk-Hemmes, Fokkelien & Halkes, Catharina, J.M. Feministisch-theologische teksten. Delft: Meinemia. p.46-51.)

BHAKTIVEDANTA SWAMI PRABHUPADA, A.C. 1987. The science of self realization. London/Paris: Bhaktivedanta Book Trust.

BHAKTIVEDANTA SWAMI PRABHUPADA, A.C. 1988. Oor die grense van geboorte en dood. Londen/Parys/Johannesburg: Bhaktivedanta Book Trust.

BEHR, BEATRIX. 1989. Die rol van die vrou in die gesinslewe. *Handhaaf*, 28(4):12-14, Apr./Mei.

BORNEMAN, E. 1970a, 1970b. Sesam Encyclopedie van die seksualiteit. (1970a: A-K; 1970b: L-Z.) Baarn: Bosch & Keuning.

BUYS, P.W. 1989. Etiek. Potchefstroom: PU vir CHO (Dept. Sentrale Publikasie).

CHANDLER, R. 1990. Understanding the New Age. Salt River: Struik.

COLLINS, SHEILA D. 1981. Feminist Theology at the crossroads. *Christianity and Crisis*, December 14, 1981.

DALY, MARY. 1983. Voorbij God de Vader: op weg naar een feministische bevrijdingsfilosofie. Amersfoort: De Horstink.

DE BEAUVOIR, SIMONE. 1972a. De tweede sekse I: feiten en mythen. Uit Frans vertaal deur Jan Hardenberg. Utrecht: Bijleveld.

DE BEAVOIR, SIMONE. 1972b. De tweede sekse II: geleefde werkelijkheid. Uit Frans vertaal deur Jan Hardenberg. Utrecht: Bijleveld.

DE BRUYN, P.J. 1982. Voorhuwelikse geslagsgemeenskap: 'n teologies-etiese studie. (Ongepubliseerde proefskrif (Th.D.) – PU vir CHO.)

DE BRUYN, P.J. 1989. Die huwelik: wat sê die Bybel daarvan? Potchefstroom: PU vir CHO. (Departement Wetenskapsleer).

DE GROOT, MARIA. 1986. Een tent – geen tempel. (*In* Trudi Klijn *red.* Voorbij de vanzelfsprekendheid: over kerk en secularisatie. Kampen: Kok. p.59-76.)

DE GROOT, MARIA. 1988. Messiaanse ikonen: een vrouwenstudie van het evangelie naar Johannes. Kampen: Kok.

DELHAAS, SIETH. 1986. Feministische theologie: een "dwaalweg"? Amersfoort/Leuven: De Horstink.

DIEPENHORST, I.A. 1965? De emancipatie van de vrouw. Kampen: Kok.

DIEPERINK, MARTIE. 1987. Vrouwen op zoek naar God: wat is er gaande in de feministische theologie? Den Haag: Voorhoeve.

DIJK, D., VAN EGMOND, A., JANSEN, M. & VEENHOEF, J. 1985. "Ik laat U niet gaan tenzij Gij mij zegent": over de worsteling met God, waarna *Hij* nieuwe namen krijgt. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift,* 85(3): 189-212, Aug.

DOUMA, J. 1971. Encyclopedie (*In* Oriëntatie in de Theologie: studiegids samengesteld door de hoogleraren aan de Theologische Hogeschool van De Gereformeerde Kerken in Nederland te Kampen. Groningen: De Vuurbaak. p.7-20.)

DOWELL, SUSAN & HURCOMBE, LINDA. 1987. Dispossessed daughters of Eve: faith and feminism. London: SPCK.

EDWARDS, F. 1984. God from a feminist perspective. (*In* W.S. Vorster *ed.* Sexism and feminism in theological perspective. Pretoria, University of South Africa. p.36-57.)

FIORENZA, ELISABETH S. 1985. The will to choose or to reject: continuing our critical work. (*In* Letty M. Russell *ed.* Feminist interpretation of the Bible. Philadelphia: Westminister Press. p. 125-136.)

FIORENZA, ELISABETH S. 1986. Geen stenen voor brood: de uitdaging van de feministische bijbelinterpretatie. Hilversum: Gooi & Sticht.

FLOOR, L. s.a. Hermeneutiek. Klasaantekeninge.

FLOOR, L. 1986. 'n Lamp vir almal in die huis: Christelike leefreëls vir huwelik, gesin en samelewing. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

FOULKES, F. 1978. The epistle of Paul to the Ephesians. Tyndale New Testament Commentaries. Leicester: Inter-Varsity Press.

GOUDZWAARD, B. 1980? Genoodzaakt goed te wezen: Christelijke hoop in een bezeten wereld. Kampen: Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1955. De brief aan de Hebreeën en de brief van Jakobus. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.

HALKES, CATHARINA J.M. 1978. Feministische theologie. (*In* Halkes, C J M & Buddingh, D. Als vrouwen aan het Woord komen: aspecten van de feministische theologie. Kampen: Kok. p.7-26.)

HALKES, CATHARINA J M. 1982. Kritische vragen bij het Vader-beeld van God. (*In* H.M. Bolkenstein & H J Bolkenstein-Van Binsbergen, *reds.* Vrouw zijn in het licht van het Evangelie: een bundel feministisch theologische studies. Baarn: Ten Have. p. 148-170.)

HALKES, CATHARINA J M. 1984. Zoekend naar wat verloren ging: enkele aanzetten voor een feministische theologie. Baarn: Ten Have.

HALKES, CATHARINA J M. 1986. Met Mirjam is het begonnen: opstandige vrouwen op zoek naar hun geloof. Kampen: Kok.

HENDRIKSEN, W. 1976. Ephesians. New Testament Commentary. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.

HEPP, V. 1922. Gereformeerde Aplogetiek. Kampen: Kok.

HEYNS, J A. 1982. Teologiese Etiek 1. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

IMBENS, ANNIE & JONKER, INEKE. 1985. Godsdienst en incest. Amersfoort: De Horstink.

INSTITUTE OF CONTEXTUAL THEOLOGY. 1989. The road to Damascus: kairos and conversion. Johannesburg: Skotaville Publishers.

JAGER, H J. 1961. De brief van Jakobus. Kampen: Van den Berg.

JELSMA, A. 1981. Tussen heilige en helleveeg: de vrouw in het Christendom. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

KOCH, K E. 1986. Between Christ and Satan. Grand Rapids: Kregel Publications.

KOOLE, B. 1989. Voorbij het partiarchaat: tegenbeelden van de westerse kultuur. Kampen: Kok Agora.

KROEZE, J H. 1970. Bybel en seks. Braamfontein (Johannesburg): Boekhandel De Jong.

LINDHOUT, A. 1987. Die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon: 'n eksegetiese en openbaringshistoriese studie met besondere verwysing na die Teologie van die Bevryding. (Ongepubliseerde Th.D.-proefskrif – PU vir CHO.)

LOUW, D J. 1988. Vigs: die radikale siekte met 'n radikale uitdaging aan die pastorale bediening. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 19(1): 66-79.

LUTHER, M. 1962. (Oorspronklik 1522.) The estate of marriage. (*In* J Pelikan & H T Lehmann *eds.* Luther's works. Vol. 44: The Christian in society 2. Translated by W.I. Brandt. Philadelphia: Muhlenberg Press. p.11-49.)

MARTIN, W. 1990. Die Nuwe Era-kultus. Kaapstad: Struik.

MOLTMAN-WENDEL, ELIZABETH. 1978. Vrijheid, gelijkheid, zusterschap: emancipatie van de vrouw in kerk en maatschappij. Baarn: Ten Have.

NESER, F W C. 1976? Die "verlore" tien stamme van Israel: haar uiteindelike lotsbestemming. Vereeniging: Ekklesia Evangeliegroep.

NOORDA, S J. 1982. Het gezag van de Schrift en de bevrijding van vrouwen. (*In* M H Bolkenstein & H J Bolkenstein-Van Binsbergen *reds.* Vrouw zijn in het licht van het evangelie: een bundel feministisch theologische studies. Baarn: Ten Have. p. 116-147.)

OUWENEEL, W J. 1988. Het domein van de slang: Christelijk handboek over occultisme en mysticisme. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

PACKARD, V. 1968. The sexual wilderness. Longmans.

RUETHER, ROSEMARY R. 1983. Sexism and God-talk: towards a Feminist Theology. London: SCM Press.

RUETHER, ROSEMARY R. 1985. De ervaring van vrouwen en de traditie. (*In* Dijk, Denise et al. Feministisch-theologische teksten. Delft: Meinema. p.17-22.)

RUETHER, ROSEMARY R. 1985b. Feminist interpretation: a method of correlation. (*In* Letty M Russell *ed.* Feminist interpretation of the Bible. Philadelphia: Westminister Press. p.111-124.)

RUETHER, ROSEMARY R. 1985c. Naar een feministische antropologie voorbij het liberalisme en de romantiek. (*In* Dijk, Denise et al. Feministisch-theologische teksten. Delft: Meinema. p.103-108.)

SCHOULS, J A. 1990. Op de drempel van de jaren '90. *Daniël* (1):13-15, 5 Jan.

SCHULZE, L F. 1981. Teologie in stroomversnelling. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

SCHWARTZ, T & EMPEY, DUANE. 1988. Satanism: is your family safe? Grand Rapids: Zondervan.

SINCLAIR, JUNE. 1975. Women. (*In* Standard Encyclopaedia of Southern Africa II. Cape Town: Nasou. p.482-486.)

SPENCER, AIDA B. 1985. Beyond the curse: women called to ministry. Nashville/New York: Thomas Nelson.

STRAUSS, S. 1990. Wit Teologie: hulle sê net witmense kan gered word. *Die Kerkbode,* 145(18):6-7, 18 Mei.

SWART H. s.a. So spreek die Woord. Innesdale: H. Swart.

THIAM, AWA. 1986. Black sisters, speak out: feminism and oppression in Black Africa. Uit Frans vertaal deur Dorothy S. Blair. London: Pluto.

VALENKAMP M. 1983. Het feminisme, een overzicht. Ongepubliseerde lesing.

VALENKAMP, M. 1983b. Simone de Beauvoir's Tweede Sexe. Ongepubliseerde lesing.

VAN DER WALT, CHRISTA. 1987. Vrouebeelde toe en nou. (*In* B J van der Walt *red.* Venster op die vrou. Potchefstroom: PU vir CHO (IRS). p. 1-17.)

VAN DER WALT, S P. 1955. Gereformeerde Apologetiek: sy taak en terrein. *Koers,* 23(1):1-19. Aug.

VAN NIEKERK, LEONÉ. 1989. Feminisme: baie in S A verstaan vroue-stryd verkeerd. *Beeld,* 5 Sept.:8.

VAN WYK, J H. 1983. Etiek en Marxisme. Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool (Diktaat).

VAN WYK, J H. 1985. Feministiese teologie. *In die Skriflig,* 19 (75): 33-44.

VAN WYK, J H. 1987. Moet ons God as manlik voorstel? In gesprek met die feministiese teologie. (*In* B J van der Walt *red.* Venster op die vrou. Potchefstroom: PU vir CHO (IRS). p. 69-79.)

VORSTER, J M. 1984. Die Neo-Marxistiese Politieke Teologie: 'n Gereformeerd-apologetiese studie. (Ongepubliseerde Th.D.-proefskrif — PU vir CHO.)

WILLIAMS, D T. 1990. God as Father: the maleness of God. *Koers,* 55 (2): 259-275. Jun.